**Abraham moet Isak offer – om stewig aan hoop vas te hou (OP155)**

**Gen 22:1-19**

**19 November 2023**

Laasweek het ons stil gestaan by Abraham en Abimeleg wat 'n verdrag van wedersydse vertroue met mekaar gesluit het. Abimeleg het die sluit van hierdie verdrag geïnisieer nadat hy opgelet het dat die Here met Abraham was in alles wat hy gedoen het. Abimeleg wou in 'n soortgelyke verdrag met Abraham wees, as die verbond wat die Here met Abraham gesluit het. Abraham het ingestem tot die sluit van die verdrag, maar hy het ook die geleentheid aangegryp om die saak rakende die put wat Abimeleg se dienaars by hom afgeneem het, op te klaar. Die uiteinde was dat Abimeleg erken het dit was Abraham se put deurdat hy die sewe ooilammers van Abraham aanvaar het. Dit was 'n klein treetjie vorentoe in terme van die belofte aan Abraham dat hy die land sal besit – ten minste het hy nou 'n put besit. In dit alles het Abraham die hand van die Here as die ewige God raakgesien. Ons het daarop gelet dat ons ook gretig moet wees om soortgelyke geleenthede te benut wat bydra tot die vervulling van die beloftes van die Here – selfs al is dit maar geringe treetjies wat gemaak word.

Vandag staan ons stil by Gen 22:1-19 – die geskiedenis wat beskryf dat die Here van Abraham verwag het om Isak te offer. Dit is 'n aangrypende gedeelte. In 'n sekere sin kan ons sê dat die hele toledot wat oor Abraham handel vanaf Gen 11:27 tot by Gen 25:11, in hierdie gedeelte 'n hoogtepunt bereik. Ek voorsien nie dat ons vandag na al die inhoud van hierdie gedeelte sal kyk nie. Ek wil vandag grootliks fokus op wat ons in hierdie gedeelte leer vanuit die handelinge van die Here met Abraham. By die volgende geleentheid wil ek dan verder gaan en besin oor die bydrae wat hierdie gedeelte maak in die openbaarmaking van die Here se verlossingsplan. Ek wil vandag die handelinge van die Here met Abraham bespreek onder die volgende drie punte: (1) Abraham se geloof word intens getoets (Gen 22:1-2), (2) Abraham se gehoorsaamheid (Gen 22:3-10), en (3) Abraham vind baat uit die gebeure (Gen 22:11-19).

<u>Abraham se geloof word intens getoets (Gen 22:1-2)</u>

In ons bestudering van Abraham se geskiedenis, het ons al verskeie kere gesien dat Abraham se geloof getoets is: Dink maar aan die opdrag in Gen 12 om sy familie te verlaat en na die beloofde land te trek, of aan die hongersnood in Gen 12, of aan Lot wat die beste deel van die land kies in Gen 13, of aan Abraham wat Lot moet gaan bevry in Gen 14, of aan Abimeleg wat Sara as vrou neem in Gen 20. En intussen is daar Abraham se voortdurende worsteling oor die stadige tempo waarteen die beloftes van die Here aan hom in vervulling gaan. En nou word sy geloof weereens getoets – maar hierdie toets is voorwaar intens in vergelyking met die vorige toetse.

Lees Gen 22:1. Ons lees dat die gebeure afspeel "na verloop van tyd", d.w.s. na verloop van tyd sedert die gebeure rondom Isak se geboorte. Die meeste kommentatore is dit eens dat dit meer as 'n dekade later plaasgevind het, aangesien Isak op hierdie stadium groot genoeg is om die hoeveelheid hout wat nodig is vir die bring van 'n brandoffer, te kan dra – Isak was waarskynlik in sy tienerjare.

Vers 1 meld ook spesifiek dat hierdie gebeure 'n toets was waardeur God Abraham op die proef gestel het. Hierdie is inligting wat vir ons as lesers help hoe ons hierdie gebeure moet interpreteer. Dit beteken egter nie dat God dit noodwendig in soveel woorde aan Abraham verduidelik het nie. Dit is soortgelyk aan Job wat ook nie bewus was van al die gebeure agter die skerms in die hemel toe die Here hom op die proef gestel het nie. Maar die Here wil hê dat ons as lesers moet verstaan wat hier besig is om te gebeur: Abraham word op die proef gestel.

Ons lees hier dat dit “God” was wat hom getoets het – ons lees nie dit was “die Here” nie. Trouens in verse 1-9 word die Naam “God” oftewel “Elohim” deurgaans gebruik – wat verwys na God as die magtige God. Dit is eers vanaf vers 10 en verder dat die Naam “die Here”, oftewel “Jahwe”, die Verbondsgod, gebruik word. Beide Name is natuurlik geldige Name – maar ons sien dat die toets van God afkom, maar dit is die Here, die Verbondsgod, wat Hom op die hoogtepunt van die toets oor Abraham ontferm.

So, God roep vir Abraham, en Abraham antwoord met: “Hier is ek”. Abraham is direk bereid om te luister. Ons sien dieselfde respons in vers 11 wanneer die Engel van die Here in die klimaks van die toets weer na Abraham roep. Dit is dieselfde respons wat ons by Moses hoor as die Here hom roep (Eks 3:4), of as die Here Samuel roep (1 Sam 3:14), of as die Here Jesaja roep (Jes 6:8). Trouens, dit is dieselfde respons wat ons lees van die Here Jesus in Heb 10:7 waar daar staan: “Toe het Ek gesê, ‘Kyk, hier is Ek om U wil te doen, o God!’” Abraham is gewillig om te doen wat die Here van hom gaan vra.

Lees Gen 22:2. Hier is die opdrag van God aan Abraham: Hy moet vir Isak gaan offer. Let op hoe Isak deur God beskryf word: jou seun, jou enigste, jou seun wat jy liefhet. Natuurlik was Isak Abraham se seun. Maar hy word hier beskryf as Abraham se enigste seun. Ja, Ismael is ook Abraham se seun – maar hy is in Gen 21 in opdrag van die Here saam met Hagar weggestuur nadat hy spottend gelag het. Daar het die Here aangedui Isak is die een wat na die ware nageslag van Abraham verwys – vir alle praktiese doeleindes is hy nou Abraham se enigste seun. Natuurlik was Abraham lief vir Isak. Ons het in Gen 21 al opgelet dat Abraham ook lief was vir Ismael. Die feit dat dit al vir Abraham swaar was om Ismael weg te stuur, maak dit nou nog soveel moeiliker vir hom om sy enigste seun wat hy nou oor het, te moet gaan offer. Boonop was Isak die kind van die belofte, die kind waarvoor hy en Sara 25 jaar gewag het. En nou verwag God van Abraham om Isak te gaan offer. Dit is intens.

Abraham moet Isak as ‘n brandoffer gaan offer. Brandoffers was een van die mees algemene offers wat die volk later gereeld aan die Here moes bring. Tydens ‘n brandoffer is die brandofferdier volledig verbrand – dit is volledig aan die Here gewy. Ons kan dus aflei dat dit ook nou die geval met Isak moes wees: hy moes volledig verbrand word as offer aan God. Die brandoffer was ‘n offer om versoening te bewerk vir die sondes van die volk. Let daarop: nie net was dit erg dat Isak so geoffer moes word nie, maar God het verwag dat Abraham hom moes gaan offer: Abraham, sy pa, wat vir hom lief is, moet dit doen.

Ek glo die meeste van ons sukkel met hierdie opdrag van God. Dit is tog ondenkbaar – hoe kan God so iets van Abraham verwag? Dit is vir ons selfs afstootlik. Dit gaan in teen ons grein. En tog is dit wat God van Abraham verwag het. Maar hoekom? Hoekom het die Here juis dit gebruik as ‘n toets vir Abraham. Dit maak tog nie sin as ons onthou aan wat die Here elders openbaar nie: In die Noagverbond het ons tog gesien hoe ‘n groot premie die Here plaas op lewe in die algemeen, maar veral op die lewe van ‘n mens – die Here het selfs gesê dat as iemand die lewe van ‘n mens neem, moet so ‘n persoon sterf – en tog verwag die Here nou van Abraham om sy seun se lewe te neem. Later sou die Here in die sesde gebod bepaal dat ons nie mag doodslaan nie – en tog verwag die Here van Abraham om Isak dood te maak. Later sou die Here op verskeie geleenthede te kenne gee dat Hy nie verwag van Sy volk dat hulle hulle kinders moet offer nie, trouens Hy beskou dit as ‘n gruwel – en tog verwag die Here nou van Abraham om dit te doen. Hoekom? Hoekom juis hierdie toets?

Maar daar is nog ‘n rede hoekom dit vir ons vreemd is dat die Here hierdie toets gebruik: Immers sou die gehoorsame uitvoer van hierdie opdrag beteken dat daardie skamele vordering in terme van

vervulling van ‘n groot nageslag aan Abraham na ‘n periode van 25 jaar, nie net ongedaan gemaak word nie, dit sou ook opnuut ‘n vraagteken plaas agter waar die nageslag nou vandaan sal kom.

Kan ek dit duidelik maak: ons gaan nie vandag by ‘n volledige antwoord uitkom oor hoekom die Here juis hierdie toets aangelê het nie – dit sal moet wag tot volgende keer. Maar ons sal tog netnou sien dat gehoorsaamheid tot groot voordeel was vir Abraham.

Ons leer ook in vers 2 dat Abraham vir Isak op een van die berge in die gebied van Moria moes gaan offer. In 2 Kronieke 3:1 lees ons die volgende: “Salomo het toe begin om die huis van die Here in Jerusalem te bou, op die berg Moria, waar die Here aan sy vader Dawid verskyn het...” Abraham moes Isak op Moria gaan offer, op die berg waar Salomo later die tempel sou bou, op die berg waar daar later baie offers, baie brandoffers, gebring sou word. Hierdie tempel was in Jerusalem. Dit was net buite Jerusalem wat Jesus later gekruisig sou word – as die eenmalige effektiewe offer. Let ook op hoe Abraham na hierdie berg verwys in vers 14: “Op die berg van die Here sal voorsien word.” Hy verwys na Moria as “die berg van die Here”. Let nou op wat ons in Jes 2:3 lees: “Kom, laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob,...” Die huis van die Here, dit is die tempel, is op die berg van die Here, dit is in Jerusalem, dit is op die berg Moria, dit is waar Abraham vir Isak moes gaan offer. Ons kom volgende week terug hierna.

Ek som op: Die Here toets Abraham se geloof. Maar die toets wat die Here aanlê, is intens. Dit gaan sekerlik Abraham se geloof tot die uiterste toe toets. Maar dit gaan meer as dit doen: Dit gaan ook die getrouheid van die Here aan Sy eie beloftes toets. As Abraham gehoorsaam is, hoe gaan die Here dan Sy beloftes aan Abraham hou? Die vraag is: Gaan Abraham se geloof die toets deurstaan? Die ander vraag is: Gaan die Here getrou bly aan Sy beloftes aan Abraham, en indien wel, hoe gaan die Here dit bewerk?

<u>Abraham se gehoorsaamheid (Gen 22:3-10)</u>

Die verstommende is: Abraham was gehoorsaam aan die opdrag van God.

Lees Gen 22:3. Ons lees “die oggend vroeg” het Abraham begin gereed maak om te gaan doen wat hy moet doen. Abraham is onmiddelik gehoorsaam. Hy talm nie, daar is dringendheid in sy gehoorsaamheid. Dit is soortgelyk aan Abraham se optrede in Gen 21:14 toe hy ook vroeg opgestaan het om Hagar en Ismael weg te stuur. Ons begin sien dit is die tipiese reaksie van Abraham: as die Here ‘n opdrag gee, begin hy direk en dringend om dit gehoorsaam uit te voer.

Boonop is daar deeglikheid in Abraham se gehoorsaamheid: Hy reël vir alles wat nodig is: ‘n donkie om die goed te dra, twee dienaars om saam te gaan en te help, hy neem vir Isak saam, hy neem gekapte hout saam – wie weet of daar voldoende hout sal wees waar hy Isak moet gaan offer. En dan vertrek Abraham.

Lees Gen 22:4. Soos ons gesien het, was daar nie huiwering by Abraham om te begin om sy opdrag uit te voer nie. Hy vertrek so gou moontlik. Maar dit neem 3 dae om by die berg uit te kom. Soos ons weet, het Abraham op daardie stadium in Berseba gewoon. Soos ons gesien het, was Moria by Jerusalem. Die afstand tussen Berseba en Jerusalem is sowat 80 km – dit lyk realisties om die afstand in 3 dae te voet af te lê. Maar 3 dae is ‘n lang tyd om te loop en te dink oor dit wat hy moet gaan doen: hy moet sy seun gaan offer. Maar selfs in daardie periode van 3 dae, huiwer Abraham nie in sy gehoorsaamheid nie – hy gaan eenvoudig voort op pad na Moria toe.

Lees Gen 22:5. As Abraham Moria in die verte sien, sê hy vir die dienaars hulle moet daar wag, saam met die donkie. Hier begin ons insae kry in hoekom dit vir Abraham moontlik was om sonder huiwering en met dringendheid gehoorsaam te wees aan die opdrag: Die 2020 DAV sê Abraham het

gesê: “Ons wil aanbid en sal dan na julle terugkom”. Die 1983 NAV druk dit duideliker uit: “Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom <u>ons</u> terug na julle toe.” Abraham het geweet hy moet vir Isak gaan offer. Hy het geweet dit beteken Isak gaan sterf. Hy het geweet hy beplan om gehoorsaam te wees. En tog sê hy Isak sal saam met hom terugkom. Dit is verstommend. Lees saam met my Heb 11:17-19. Hierdie verse gee vir ons insig in hoe dit vir Abraham moontlik was om gehoorsaam te wees, hoe hy in sy gedagtes geredeneer het. Hy was vas van plan om Isak in die geloof te offer soos die Here van hom verwag het. Maar hy het ook vasgehou aan die belofte van die Here dat daar juis vir hom deur Isak ‘n nageslag sou wees. Abraham het dus tot die gevolgtrekking gekom dat as hy gehoorsaam is aan die opdrag van die Here en Isak sterf, moet dit beteken die Here sal Isak weer uit die dood laat opstaan – want die Here het ook beloof dat daar vir hom deur Isak ‘n nageslag sal wees. Abraham was dus aan die eenkant gehoorsaam aan die Here – immers moet hy in geregtigheid voor die Here leef. Maar aan die ander kant was Abraham hoopvol – immers het hy die belofte van die Here. Hy hou hoopvol aan die belofte vas, en gaan dan gedetermineerd voort in gehoorsaamheid.

Lees Gen 22:6-8. Selfs as Isak vir Abraham vra: waar is die lam vir die brandoffer, bring dit Abraham nie van stryk nie. Hy hou vas daaraan dat hy gehoorsaam moet wees, en dat die Here Sy belofte sal uitvoer – daarom antwoord hy Isak: “God sal vir Homself die lam vir ‘n brandoffer voorsien, my seun.” Abraham moes gedink het: Dalk voorsien die Here nog op ‘n ander manier ‘n lam. Maar selfs al doen Hy dit nie, is Abraham oortuig dat daar deur Isak vir hom ‘n nageslag sal wees.

Lees Gen 22:9-11. Abraham was volledig gehoorsaam - hulle het tot by Moria geloop. Daar het Abraham ‘n altaar gebou. Daar het hy die hout reggepak. En toe het hy sy seun, sy enigste, sy seun wat hy liefhet, geneem. Hy het hom vasgebind. Hy het hom op die altaar neergelê. Hy het die mes geneem. Hy was op die punt om sy seun te slag....en dan: “Abraham! Abraham!” – die stem van die Engel van die Here uit die hemel.

Geliefdes, hierdie optrede van Abraham is gehoorsaamheid! Dít is geloof! Dít is om vas te hou aan die belofte van die Here! Dít is hoop!

<u>Abraham vind baat uit die gebeure (Gen 22:11-19)</u>

So, Abraham was ‘n toonbeeld van gehoorsaamheid. Maar was daar sin in die gebeure? Die vraag is steeds: hoekom het die Here juis hierdie toets aangelê? Wat was die doel? Soos wat ek vroeër gesê het, is hier meer sin in hierdie gebeure as wat ek nou gaan bespreek. Ons sal volgende week terugkom hierna. Maar, wat ek vandag by wil stilstaan, is dat Abraham op ‘n besondere manier baat gevind het in die gebeure. Ek wil graag drie maniere uitwys waarop Abraham gebaat het hieruit:

- Lees Gen 22:11-12. Abraham is gehoorsaam tot op die punt dat hy Isak moet slag, en dan roep die Engel van die Here dringend: “Abraham! Abraham!” En weereens is Abraham direk gereed om te luister: “Hier is ek.” En dan sê die Engel van die Here: “Moenie! Moenie jou hand na die seun uitsteek nie! Moenie enigiets aan hom doen nie!” Abraham moet summier stop. En dan maak die Engel van die Here hierdie uitspraak: “Want nou weet Ek dat jy vir God ontsag (vrees - OAV) het. Jy het nie jou seun, jou enigste, van My teruggehou nie.” Die Here verklaar dat Abraham se gehoorsame optrede getoon het dat Abraham vrees vir God het. Die Here verklaar Hy weet nou Abraham het vrees vir God. Natuurlik was dit nie nuus vir die Here nie, natuurlik het die Here dit al vantevore ook geweet. Die punt is egter dat hierdie vrees/ontsag nou sigbaar geword het deur Abraham se optrede – soos Jakobus ons leer dat geloof sigbaar moet word in dade. Abraham se geloof, vertroue en hoop is nou duidelik. En hier is die belangrike punt: die Here verklaar aan Abraham dat Abraham vrees en ontsag vir die Here het. Abraham mag dit weet. Die Here wil hê

Abraham moet dit weet. En die Here bring hierdie toets oor Abraham sodat Abraham kan optree op 'n manier wat getuig van sy vrees vir die Here, en nou hou die Here dit voor Abraham en sê vir hom: "Ek weet dit, en jy moet dit ook weet". Abraham baat uit die gebeure want die Here verklaar aan hom hy het vrees vir die Here – die feite van sy optrede wys dit!

Onthou Jak 1:12: "Gelukkig is die man wat versoeking (toetse) deurstaan, want as hy die toets slaag, sal hy die oorwinningskrans van die lewe ontvang, wat God beloof het aan hulle wat Hom liefhet." Die wat die toetse deurstaan, ontvang die beloftes van die Here. Abraham het die toets deurstaan, en die gevolg is die belofte van die Here staan steeds – daar sal steeds vir Abraham 'n nageslag wees deur Isak. Of dink aan Rom 5:3-5 waar ons lees: Verdrukking lei tot volharding, wat lei tot betroubaarheid (dit was sekerlik waar van Abraham), wat lei tot hoop – en die hoop beskaam nie. In die verdukking het Abraham bly hoop dat die Here deur Isak vir hom 'n nageslag sal gee – en sy hoop het nie beskaam nie.

Sien jy wat Abraham gebaat het uit hierdie toets? A.g.v. sy gehoorsaamheid het die Here uit die hemel verklaar: "Abraham, jy vrees God". Hoe bemoedigend moes dit nie vir Abraham gedurende die res van sy lewe wees nie.

- Lees Gen 22:13-14. Hier lees ons dat die Here op 'n wonderbaarlike manier 'n ram voorsien het, wat Abraham in die plek van Isak kon offer. Dit blyk dat Abraham se woorde aan Isak dat die Here die dier vir die brandoffer sal voorsien, profeties was. Ons leer hier 'n belangrike beginsel: die Here is bereid om 'n plaasvervanger te aanvaar in die plek van die een wat aanvanklik geoffer moes word. Natuurlik moet dit 'n waardige plaasvervanger wees. Natuurlik het ons hier 'n Ou Testamentiese skadu van Jesus wat later in ons plek geoffer sou word. Ek gaan nie nou in meer detail hierop in nie. Ons sal volgende week in meer detail hierna kyk.

- Lees Gen 22:15-18. In hierdie verse lees ons dat die Engel van die Here 'n tweede keer uit die hemel na Abraham geroep het. Hierdie keer is die inhoud van die boodskap dat die Here by Homself gesweer het, m.a.w. dat die Here by Homself 'n eed afgelê het. Die verstommende is dat die Here die eed afgelê het juis omdat Abraham bereid was om sy seun, sy enigste seun, wat hy liefhet, vir die Here te offer, en hom nie terug te hou vir homself nie. Die inhoud van die eed is dat die Here onderneem om Abraham ryklik te seën, om sy nageslag te vermeerder soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die seestrand, om toe te sien dat Abraham se nageslag hulle vyande sal oorwin, en om deur hom die nasies van die aarde te seën (let op: laasgenoemde is 'n alternatiewe vertaling van vers 18 se vertaling in die DAV vertaling). Maar nou sal jy sê: hier is nie veel nuut nie – tot 'n groot mate is die inhoud van hierdie eed dieselfde as die inhoud van die beloftes wat die Here al in Gen 12:1-3 aan Abraham gemaak het, en wat Hy sedertdien in meer detail aan Abraham verduidelik het in die opvolgende hoofstukke. Die enigste aspek wat nie voorheen genoem is nie, is dat Abraham se nageslag hulle vyande sal oorwin – maar die res is basies 'n bevestiging van die voorafgaande beloftes van die Here. Maar, onthou, dit was een van die groot vrae wat ons vroeër gevra het: as Abraham vir Isak offer, hoe gaan die Here dan getrou bly aan 'n nageslag vir Abraham deur Isak? En die antwoord is die Here het 'n ram in Isak se plek gegee wat Abraham kon offer. En wat vir ons na 'n krisis gelyk het, was toe nie werklik 'n krisis nie. En die belofte van die Here aan Abraham bly dus steeds staan. En dit is die punt: Niks bedreig ooit die vervulling van die beloftes van die Here nie. En wat nuut is hier, is dat die Here Sy beloftes van vroeër opnuut bevestig – maar

dan dit boonop bevestig met 'n eed! En dit is wat Abraham gebaat het uit hierdie gebeure: Hy is opnuut verseker dat die Here Sy beloftes sal hou – die Here het 'n eed gesweer om te doen wat Hy alreeds beloof het. Daar moet geen twyfel by Abraham wees nie.

Ek hoop jy sien die ontwikkeling raak: In Gen 12 het die Here Sy beloftes aan Abraham gegee. Op daardie stadium was die beloftes natuurlik alreeds vas en seker – Immers is die Here getrou aan Sy Woord. Dit is nie die Here wat getwyfel het of die beloftes waar is nie, maar Abraham het – dink maar aan die hongersnood en sy trek na Egipte en die farao wat Sara as vrou neem. In Gen 15 het die Here weer aan Abraham verskyn – en toe sluit die Here met Abraham 'n verbond. Weereens is die inhoud van die verbond die beloftes van die Here – en die Here beweeg alleen tussen die stukke diere deur terwyl Abraham eenkant sit en slaap. En die punt is: Abraham moet nie twyfel nie – die Here neem die verantwoordelikheid om die beloftes na te kom op Homself. In Gen 16 wankel Abraham weer, en hy verwek Ismael by Hagar. So in Gen 17 kom besoek die Here weer vir Abraham, en die keer gee die Here aan Abraham die teken van die verbond – die besnydenis. Dit moet hom herinner hy is deel van die verbond, die Here sal sy hart besny, die Verlosser sal uit sy nageslag kom. Abraham moet nie twyfel nie. In Gen 20 wankel Abraham weer – die keer in Gerar, en hy vertel weer 'n leuen oor Sara. En dan lê die Here in Gen 22 die ergste toets nog voor Abraham – hy moet Isak gaan offer. Die keer twyfel Abraham nie – hy maak vroeg die oggend klaar, hy trek doelgerig vir 3 dae, hy bou die altaar, hy bind Isak vas, hy is op die punt om hom te slag – en dan stop die Here hom. Die Here sê: "Abraham, Ek het gesien: jy vrees My. Omdat jy bereid was om Isak te offer, sweer Ek by Myself dat Ek my beloftes aan jou sal nakom." Abraham is op 'n pad van groei: soos wat Abraham groei in die geloof, gee die Here al meer en meer versekering aan Abraham – tot die Here die hoogste moontlik eed wat bestaan, aflê – 'n eed by Homself, met die doel dat Abraham sekerheid kan hê.

Lees saam met my Heb 6:13-20. Let op vers 17: Omdat die Here vir die erfgename van die belofte, d.w.s. vir Abraham en sy nageslag, vir Abraham en sy ware nageslag, dit sluit gelowiges in – wou aantoon Sy besluit is onveranderlik, dus Sy beloftes is onveranderlik, dus daar sal 'n ware nageslag van Abraham wees wat die ware beloofde land sal beërf – daarom het Hy dit met 'n eed gewaarborg. Vers 18: Daar is dus nou twee dinge wat getuig: die beloftes van die Here plus die eed van die Here – die inhoud van die twee getuies is dieselfde – die inhoud van die belofte en die eed is dieselfde – dus is dit betroubare getuies. Die doel van die belofte en die eed is om aan ons wat vrygekom het, dus om aan die gelowiges, 'n kragtige bemoediging te gee om vas te hou aan die hoop wat voorlê, d.w.s om vas te hou aan die vervulling van die inhoud van die beloftes en die eed. Vers 19: Hierdie hoop is 'n veilige en stewige anker van die siel, wat tot aan die binnekant van die voorhangsel gaan. Sien jy die prentjie? Die beloftes en die eed aan Abraham bemoedig ons om aan die hoop vas te hou, om aan die vervulling van die beloftes van die Here vas te hou. En hoe ver strek hierdie hoop? Hoe ver strek hierdie beloftes van die Here aan Abraham en ons? Dit strek tot agter die voorhangsel, dit strek tot in die Allerheiligste, dit strek tot daar waar ons ook sal ingaan op grond van die werk van Jesus, ons Voorloper, die ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek, wat alreeds daar ingegaan het, dit strek tot in die volle vervulling van die beloofde land vir die volle ware nageslag van Abraham. Nie net het die Here dit beloof nie, Hy het dit met 'n eed by Homself bevestig – in Gen 22 nadat Abraham bereid was om Isak te offer!

Geliefdes, laat dit ver van ons wees om die verbond met Abraham te minag. Laat dit ver van ons wees om dit maar net te sien as 'n stukkie Ou Testamentiese geskiedenis waar die Here 'n onredelike eis aan Abraham gerig het. Wat daar gebeur het, was van onskatbare waarde vir Abraham – hy het bevestiging vanuit die hemele ontvang dat hy die Here vrees, en die Here het vir hom opnuut met 'n eed bevestig Sy beloftes aan hom staan onwrikbaar vas. Maar die boek Hebreërs leer ons dit strek verder as net vir Abraham – daardie belofte en eed het ook 'n doel vir al die erfgename van die belofte, dus ook vir ons. Dit moet ons bemoedig om aan die hoop op die seker vervulling van die Here se beloftes vas te hou – en daardie hoop strek tot in die hiernamaals. Wat die Here aan ons beloof, staan vas – Hy het dit met 'n eed by Homself bevestig.